

**DeeltitelForum**
TERTIUS MAREE

# Kworums verg 'n dinkskrum

Die lang beplande Deeltitel-Forum-slypskool het laas Saterdag plaasgevind en ek benodig behoorlik 'n week rus om weer na normaal terug te keer.

**Kworums**

Een van die aspekte wat tot aansienlike debat gelei het, was hoe kworums vir algemene vergaderings vasgestel moet word. Dit is oënskynlik 'n eenvoudige kwessie wat nogtans tot moeilike vrae kan lei. Die bepalings hiervoor word in Bestuursreël 57 gevind, waar in drie klasse onderskeid gemaak word volgens die "grootte" van skemas. "Grootte" verwys hier nie na die fisieke grootte nie, maar na die aantal eenhede in die skema.

So word bepaal dat in 'n skema met tien of minder eenhede, 'n kworum gevorm word deur die teenwoordigheid van eienaars wat minstens 50% van die "stemme" hou.

**Hoeveel stemme in 'n stem?**

Die eerste vraag wat nou opduik, is hoe die "stemme" bereken moet word. Aangesien Bestuursreël 62 bepaal dat by stemming per hand opsteek elke eienaar een stem het vir elke eenheid wat hy hou, is ek van mening dat "stemme" verwys na die aantal eenhede wat verteenwoordig word deur die teenwoordige lede. Daar is ander kundiges wat van mening is dat dit nie die aantal eenhede is wat ter sprake is nie, maar die deelnemingskwotas wat op die vergadering verteenwoordig word.

> **Die bepalings hiervoor word in Bestuursreël 57 gevind . . .**

Ek stem nie met dié benadering saam nie. Geen hof het nog hieroor 'n uitspraak gelewer nie en indien dit dan deelnemingskwotas moet wees, sal dit sake in die praktyk ietwat bemoeilik.

**Stem sonder stem**

In die praktyk van deeltitelbestuur is dinge natuurlik nooit eenvoudig nie. Kragtens Bestuursreël 64 word 'n eienaar van sy stemreg ontneem indien hy agterstallig is met betaling van sy heffings of indien hy volhard om die gedragsreëls te verbreek nieteenstaande skriftelike waarskuwing deur die trustees of die bestuursagent.

Die bestrawwing geld slegs ten opsigte van gewone besluite op 'n algemene vergadering en nie ten opsigte van spesiale of eenparige besluite nie.

**Kworumvereistes**

Ons verstaan dus dat sodanige wanbetalers of oortreders nie mag stem nie, maar hoe beïnvloed dit die kworumvereistes?

Laat ons veronderstel dit is 'n skema met tien eenhede. 'n Algemene vergadering word geroep met slegs gewone besluite op die agenda. Twee eienaars se heffings is agterstallig. Wat word nou vereis om 'n kworum te vorm? Word bywoning van die wanbetalers ingereken om die 50% uit te maak of moet hul teenwoordigheid buite rekening gelaat word wanneer telling plaasvind om 'n kworum te bepaal? En, word die 50% bereken op die tien eenhede, of word dit verminder na agt omdat heffings ten opsigte van twee agterstallig is?

Wat die eerste deel van die vraag betref, bepaal Bestuursreël 57(1) duidelik dat slegs stemgeregtigde eienaars in berekening gebring moet word wanneer getel word om te bepaal of 'n kworum teenwoordig is.

**Stem-dilemma**

Maar op watter getal moet die 50% bereken word, is dit tien of verminder dit nou na agt? Die antwoord is Bestuursreël 57 bepaal die "teiken" is 50% van die totale aantal "stemme", en daar is soveel stemme in 'n skema as die aantal eenhede. Die "teiken" bly onveranderd, 50% van tien; daar moet dus vyf lede wees wat almal geregtig is om te stem.

Daar kan egter 'n verdere komplikasie opduik indien een of meer van die lede meer as een eenheid hou. Laat ons veronderstel dat een van die teenwoordige lede twee eenhede hou en sy heffings ten opsigte van een daarvan agterstallig is. Myns insiens sal hy steeds geregtig wees om te stem ten opsigte van die eenheid waarvan die heffings nie agterstallig is nie.

Soos gesien kan word, is die toepassing van die voorskrifte vir bepaling van 'n kworum nie altyd so eenvoudig as wat dit voorkom nie en moet die trustees toesien dat hulle dit baie goed verstaan.

**Slypskool**

Wat die slypskool betref, is ek van mening dat dit die eerste slypskool van hierdie aard is met aanbiedings uit sóveel spesialisvelde op een dag. Almal by die slypskool kon heelwat uit die aanbiedings leer.

Selfs met 'n goeie aantal Engelssprekendes teenwoordig, is die gedagte om die aanbieding in Afrikaans te doen baie goed ontvang. 'n Mens moenie vergeet nie dat dit beraam word dat die meerderheid van deeltiteleienaars in Suid-Afrika, Afrikaanssprekend is.

Dit is myns insiens, met die kundigheid wat maklik beskikbaar is en in die lig van ons formele taalbeleid, heeltemal onaanvaarbaar dat die wetgewer besluit het om deeltitel-wetgewing slegs in Engels te publiseer.

Met 70 teenwoordiges het die bywoning aan verwagtinge voldoen, met persone wat van so ver as Johannesburg en Bloemfontein opgedaag het. Dankie ook vir AfriForum se ondersteuning van die slypskool.